**Lewe in die lig,** 'n boodskap oor 'n gelukkige verhouding met God en ander mense uit **1 Joh 1: 5 – 7.**

*1 Joh 1:5-7* ***5****. Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.* ***6****. As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie.* ***7****. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.*

**Inleiding:**
Is jy miskien bang vir die donker? Baie mense is, of ons ken iemand wat die donker vrees.

Ons sien dit as 'n goeie ding as iemand nie meer vir die donker bang is nie. Dit is goed as dit 'n ongesonde vrees was. Wanneer dit egter gaan oor geestelike duisternis, mag ons nie gewoond raak daaraan nie, of ophou om daarvoor bang te wees nie. Om gewoond te raak aan geestelike duisternis, is die strategie van die bose om ons in sy slagysters te vang.

Duisternis, Bybels verstaan, is waar die geheimsinnige magte van die bose vrylik beweeg en vooruitgaan. Duisternis in die Bybel, is die vyand van lig!

Ons kan die mag van die duisternis maklik onderskat. Dit is maklik om so te begin belangstel in die duisternis, dat ons daaraan sal gewoond raak. Dat ons as Christene sal begin dink dat dit maar in orde is om gemeenskap te hê met dit wat die bose op aarde bevoordeel. As Christene roep die Woord ons op om bewustelik in die Lig te lewe. Om te soek na wat goed en reg en heilig is.

Word jou lewe gekenmerk deur 'n soeke na die Lig? Leef jy met die doel om die hemelse lig in 'n donker wêreld te weerkaats? Johannes maak ons bewus van dié uitdaging. Hy vra ons om in die Lig te gaan staan en ons eie lewens te beoordeel.

**God is Lig**
Johannes leer ons iets baie belangrik oor God in hierdie teks. Ons moet verstaan dat God lig is.
In 1 Joh 1:5 lees ons: *"God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie."* Dit is die boodskap wat die lewe van Jesus op aarde kom openbaar het. Maar wat beteken dit?

Kom ons begin deur te vra wat lig is. Die woordeboek en wetenskap gee vir ons allerlei definisies. Die maklikste manier om lig te definieer egter, is om te sê *dat dit iets is "wat dit moontlik maak om vir ons om te kan sien:"* Lig maak bekend. Lig openbaar en dit stel bloot. God is lig. God maak dit vir ons moontlik om duidelik en helder te sien wat in lewens aan die gang is. Om dinge te sien soos dit werklik is.

Wat is duisternis dan? Donkerte is die afwesigheid van lig. Dit is waar die afwesigheid van lig dit onmoontlik maak om enige iets te kan sien. So kan ons verdwaal, seerkry en onsself in gevaar stel. Want in die donkerte kan ons nie sien nie – veral nie gevare nie. Lig en duisternis staan teenoor mekaar. Geestelik gesproke verwys duisternis na foute, onkunde, sonde en die bose self. Dit is alles waarin God nie is nie.

As Johannes sê dat God lig is, en dat geen duisternis in Hom is nie, sê hy eenvoudig dat God die verpersoonliking is van waarheid, reinheid en heiligheid en dat Hy geen foute maak nie, ons nooit mislei of bedrieg nie en nie ooit enige sonde kan akkommodeer nie. Dit is God se natuur. Om lig, heiligheid, heerlikheid en majesteit te wees.

**Struikel in die Duisternis.**
Baie beweer dat hulle God ken en met Hom gemeenskap het, maar tog struikel hulle in die duisternis rond. Dit beteken eenvoudig, dat hoewel hulle beweer dat hulle God ken, hulle in der waarheid met die bose kompromieë sluit en steeds as gevolg van sonde en boosheid, hulleself en ander seermaak. Maar ons teks waarsku ernstig, dat dit moontlik is om te dink dat jy God ken, maar omdat jy steeds in die duisternis rondstruikel, is jy vir God 'n vreemdeling. Jy het geen gemeenskap met Hom nie, want lig en duisternis kan nie met mekaar gemeenskap hê nie. Die teenwoordigheid van lig maak die teenwoordigheid van duisternis onmoontlik. 1 Joh1:6: *As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie.*

Johannes skryf vir Christene. Hy waarsku hulle teen die gevare van die bose, van duisternis. Selfs Christene kan dink dat dit nie so gevaarlik is om met die duisternis te speel en te eksperimenteer nie. Johannes wil hê dat ons goed moet verstaan dat lig en duisternis geen gemeenskap het met mekaar nie. Waar God is, moet die bose die wyk neem. Waar ons die bose innooi en daarmee vriende maak, daar is God nie meer teenwoordig nie. Wie die bose bo God kies, vra God om uit daardie deel van hulle lewe weg te gaan. Kan ons dit bekostig om op enige plek van ons lewe, sonder die Here te probeer klaarkom? En dit nog ook terwyl ons die gevare van die bose en van sonde vir ons lewens onderskat.

Wie in die duisternis lewe kan, hoewel daardie persoon in God glo, 'n praktiserende ateïs wees. Mens kan in die duisternis leef, soos iemand wat God nie ken nie, al beweer jy dat jy Hom ken. In die duisternis kry ons ook nie die geleentheid om onsself en ons lewe goed te ondersoek nie. Ons kan dus liefdeloos, onrein en onheilig wees, sonder om dit agter te kom. Waar God nie is nie, word ons blind vir gevaarlike lewenswyses en eienskappe. Nie net kan dit ons en ander seermaak nie, maar dit kan ons al hoe meer van God vervreem. Dit is die strategie van Satan. So word God se kinders prakties nutteloos vir Hom, hulleself en vir ander. Hulle word 'n gevaar vir die eer van God en hulle hou op om geestelik te groei. Hulle glo in God, maar is praktiserende ateïste. Hulle doof die lig in die wêreld uit. Hulle stel hulleself op as God se vyand.

**Lewe in die Lig**
Daar is 'n beter alternatief. Ons hoef nie in die duisternis rond te struikel nie. Ons kan in die lig lewe. Ons kan bewustelik soek na gemeenskap met God. Ons kan alles doen wat die Bybel ons aanraai om nader, steeds nader aan die Here te lewe. Ons kan soek na 'n lewe waar die Heilige Gees ons oortuig van sonde, ons meer en meer leer oor wie Jesus is, sodat Jesus ons na die genadetroon van die Vader kan neem en ons daar die seën kan ontvang van elkeen wat saam met Christus by God tuisgekom het.

Ons teks sê, dat ons nie met God gemeenskap het, as ons in die duisternis leef nie. Selfs al het ons deur ons nuwe geboorte in die familiekring van God, 'n nuwe verhouding met God ontvang, beteken dit nog nie dat ons 'n nuwe gemeenskap met die Here het nie. Omdat ons 'n nuwe verhouding met God het, deur die werk van die Gees wat ons kinders van God maak, is dit egter moontlik om in 'n nuwe verhouding met God te leef; Om in gemeenskap met God te leef.

In Christus is ons sonde vergewe. Ons gee God nie meer aanstoot daarmee nie. Ons Vader kan en wil ons aan die hand vat en ons uit die duisternis lei, wat elke faset van ons lewe betref, en ons deel gee aan die lig. God is lig. Ons kan saam met God en in gemeenskap met Hom, die duisternis uit ons lewens verdryf – en van al die pyn, verdriet en dwaasheid wat daarmee saamgaan ontslae raak en die krag, vreugde en lewe van die lig, begin geniet.

Om in die lig te lewe, bring ons ook in 'n nuwe verhouding met ander gelowiges. Dit is 'n gelukkige en opbouende verhouding. Omdat die lig, omdat God in ons lewe werk, en dieselfde lig die duisternis in ander se lewe verdryf het, kan ons nou met ander die geloof, die lewe, die vriendskap en die ondersteuning deel van gelowiges wat met mekaar die gemeenskap met God deel. Om in gemeenskap met God in die lig te lewe, is die sleutel tot die voldoening aan ons diepste nood en behoefte aan betekenisvolle verhoudinge met ander.

Dit verklaar waarom gelowige en ongelowige nie in dieselfde juk kan trek nie. Lig en duisternis het geen gemeenskap met mekaar nie. Die diepste bevrediging wat nabyheid moet skep – ook byvoorbeeld in ons huwelike, gesinne en families - is eers moontlik as ons almal saam die liefde, genade en werk van God in ons lewens deel. Wanneer die lig van God se teenwoordigheid al die oneerlikheid, jaloesie, onreinheid en onheiligheid tussen mense kom verdryf het, eers dan kan ons vreugdevolle gemeenskap met mekaar ervaar.

**Toepassing**
Om in die lig te lewe, beteken om voortdurend skoongewas te word van ons sonde. Johannes sê dit duidelik: *Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.*

Wie naby God leef, word duidelik bewus van sonde. Dié lig laat ons goed sien hoe en waar ons die Here teleurstel en onsself en ander seermaak. Dit skerp ons gewete op en maak ons honger en dors om skoongemaak te word, skoongewas te word, met die bloed van Christus Jesus ons Verlosser. Wie naby God lewe, is oop en beskikbaar vir die werk van die Heilige Gees, wat ons lewens volmaak met die hemelse lig wat ons deur die teenwoordigheid van God in ons lewens ervaar. Deur in die lig te lewe bly ons skoon. Ons verhouding met God groei en verdiep elke dag.

Hoe vaar jy in jou geestelike lewe? Vermy jy doelgerig die duisternis? Is jou lewe 'n soeke na sin en betekenis in die lig van God se teenwoordigheid in jou lewe? Wys die Heilige Gees jou waar jy tekort skiet in jou Christenstrewe om meer en meer soos Jesus te wees? Ken jy die stem van die goeie Herder en luister jy na Hom? Is God jou Vader wie se sorg en liefde jy elke dag ervaar? Het die lig van God se teenwoordigheid al die donker hartseer tussen jou en die mense naby jou, verdryf?
*Dit is die Woord van die Here.*
*In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.*
*Amen.*

Enige opmerkings of navrae oor hierdie preekskets, kan by Ds. Andries Combrink gedoen word, by info@cpk.co.za